



eduresourceza.com



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2015

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1 KOERANTARTIKEL**

- 1.1 Dit is 'n artikel wat saamgestel is uit twee verskillende koerante/bronne. (1)
- 1.2 ". . . 'n foto van haarself geneem . . ." (1)
- 1.3
- Haar pa, drie keer 'n SA tydrenkampioen, het haar geleer./
 - Sy beskryf haarself as 'n professionele bestuurder
(Enige een van hierdie redes) (1)
- 1.4 Foto B
Sy sê dat sy baie bang op die foto lyk. (2)
- 1.5 Sy het nie gereageer nie/sy kon nie vir kommentaar bereik word nie. (1)
- 1.6 Sy ontken dat sy foto's van haarself geneem het terwyl sy bestuur het en sy sê dat dit nie op die N3 was nie. (2)
- 1.7 Haar pa het haar motor gekonfiskeer. (1)
- 1.8 "reeks" (1)
- 1.9 Haar storie is in die media gepubliseer/op sosiale netwerke versprei/sy het baie kritiek ontvang/die Departement van Vervoer is kwaad vir haar.
(Enigeen van hierdie redes) (1)
- 1.10 Die Justice Project South Africa. (1)
- 1.11 C Hy moes probeer vure doodslaan oor sy dogter se onvolwasse gedrag. (1)

[13]**VRAAG 2 KOERANTARTIKEL**

- 2.1 Instagram (1)
- 2.2 Hy het gehoop dat hy haar kan ontmoet (½) en dit as geskenk vir haar kan gee. (½) (1)
- 2.3 Hy is 'n nywerheidsontwerper (½) en sy studeer grafiese ontwerp. (½)/Hulle is albei ontwerpers. (1)
- 2.4 "gespanne/senuweeagtig" (1)
- 2.5 Waar
"Hy sê hulle gesels gereeld as vriende."/"Maar ons gesels so af en toe." (2)
- 2.6 Hy hoop dat daar in die toekoms iets meer tussen hulle kan wees (½), maar sy sê sy weet nie of daar dalk 'n verhouding vir hulle voorlê nie. (½) (1)

[7]

VRAAG 3 VISUELE TEKS

- 3.1 3.1.1 Haar klere is baie formeel/netjies, maar hy lyk slordig/onnet/informeel./Sy is
 baie warm aangetrek; hy dra 'n kortbroek en kortmouhemp. (2)
- 3.1.2 Sy het die woord in die koerantopskrif gelees. (1)
- 3.2 Hy hoop die dames sal iets laat val wat hy kan eet. (1)
- 3.3 Verbaas/geïnteresseerd/nuuskierig (1)
- 3.4 Die tafel is gedek. (1)
- 3.5 3.5.1 Sy het blomme in 'n vaas gesit/die servette netjies gevou/'n tafeldoek oor die
 koffietafel gegooi/die tafel deftig gedek. (1)
- 3.5.2 Hy sal die vuur in die kaggel kan aansteek. (1)
- 3.6 Aartappelskyfies/skyfies/neute/springmielies/versnaperings (1)
- 3.7 Hy was in 1967 op Tuks (Universiteit van Pretoria). (1)
- [10]**

30 punte

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4****Nasiensriglyne:**

- Ken 2 punte vir elke korrekte feit toe.
- Penaliseer net 4 taalfoute – elke keer met 'n ½ punt (dus maksimum 2 punte).
- Dieselfde taalfout word nie 2 keer gepenaliseer nie.
- Spelling tel nie, behalwe as die woord 'n ander betekenis kry. Dit word as deel van taalfoute gepenaliseer, nie apart nie.
- Trek 'n ½ punt af vir minder as 60 en meer as 80 woorde.
- Trek 'n ½ punt af as woordtelling ontbreek of nie korrek gegee word nie.

1. Johan het nie sy wakker hoor afgaan nie en te laat wakker geskrik.
2. Ons het gisteraand tot tienuur beurtkrag gehad en Celia kon nie haar voorbereiding doen nie.
3. Ons moes na Lerato se siek oupa in Kaapstad toe gaan en sy het geen vervoer gehad nie.
4. Nellie het per ongeluk die datum en tyd van haar afspraak op haar selfoon uitgegee.
5. Stephen het ongelukkig nie behoorlik geluister nie en die datums van sy mondelinge verwar.
6. Patrick was oorsee en het nie genoeg tyd gehad om voor te berei nie.

(**ONTHOU** – kandidate moet slegs 5 uittreksels opsom)

10 punte

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

- 5.1 Die d-alliterasie in die eerste reël dui op 'n dringendheid/
Dis wat die digter bedoel het (slegs een reël is voldoende) (1)
- 5.2 Botha hoe voel jy oor die bedoeling van die oe-assonansie/
Analfabeet! Dit moes die digter doen om die soel gevoel weer te gee
(slegs een reël is voldoende) (1)
- 5.3 5.3.1 "Dis" en "Ekskuus" (albei woorde moet aangehaal word vir 1 punt) (1)
- 5.3.2 "angstigheid" (1)
- 5.4 Rymwoorde/punktuasie/eenvormige versreëllengtes/hoofletters/eenvormige strofe-
lengte ontbreek (enige een) (1)
- 5.5 "analfabeet" (1)
- 5.6 Hulle kan hulself in 'n swembad gaan verdrink. (1)
- 5.7 5.7.1 "Jy daar in die agterste ry" (1)
- 5.7.2 "Ekskuus Du Plessis, het jy miskien die BA" (1)
- 5.8 Die spreker sê dat hulle nou die gedig verstaan, maar eintlik verstaan hulle dit glad
nie (1)
- [10]**

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

- 6.1 Die meisie doen iets skelm en dink dat ander mense dit nie sal weet nie. (1)
- 6.2 Bye het angels wat seer kan steek. (1)
- 6.3 Konnotasie. Visse verwys hier na mans wat baie volop is. (1)
- 6.4 "Hokaai nou, kind, hoor hoe skinder die bure"
"Oppas, my meisie, hoe jy jou paadjie loop" (2)
- 6.5 Sonskyn – onweer (albei moet korrek wees) (1)
- 6.6 B (1)
- 6.7 "Hokaai" en "Oppas" (2)
- 6.8 Dit het haar hart gebreek/Sy was baie hartseer. (1)
- [10]**

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

- 7.1 Deur groter spasies tussen party woorde te laat. (1)
- 7.2 Sodat sy blink, skoon skoene nie vuil word nie. (1)
- 7.3 7.3.1 Herfs (1)
- 7.3.2 Daar lê dooie blare op die grond/die tuinier hark blare bymekaar. (1)
- 7.3.3 Die winter (1)
- 7.4 Die ou man dra elke dag van die week 'n spesifieke kleur kler. Aan dié kleure weet die spreker watter dag dit is. (1)
- 7.5 'ensovoort' (½ punt as kandidaat 'ensovoorts' skryf) (1)
- 7.6 Jou dag verloop sleg/jou week begin nie goed nie. (1)
- 7.7 Hy besef hy het nie meer lank om te leef nie en hy wil goed lyk wanneer hy doodgaan/hy wil nie onwaardig sterf nie. (1)
- 7.8 B omarmde rym (1)
- [10]**

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEID**VRAAG 8 SINSTRUKTURE****Verkeerde spelling word nie in hierdie vraag gepenaliseer nie.**

- 8.1 **Tradisionele skoolhandboeke wat** nie elektrisiteit nodig het nie, sal elke dag werk. (1)
- 8.2 **Die man kondig aan dat** hulle beurtkrag-bestande skoolhandboeke bekendstel. (1)
- 8.3 **Jy hoef** nie elektrisiteit vir hierdie boeke te gebruik nie. (1)
- 8.4 **Baie skole gebruik nou tablette sodat** hulle papier kan bespaar. (1)
- 8.5 **Toe** die krag afgegaan het ($\frac{1}{2}$), kon die tablette nie gebruik word nie ($\frac{1}{2}$). (1)
- 8.6 **In die verlede** het party skole gewone handboeke gebruik ($\frac{1}{2}$), dus het hulle nie kables nodig gehad nie ($\frac{1}{2}$). (1)
- 8.7 **Die skool het tablette vir al die leerders gekoop voordat** Eskom elke dag met ure se beurtkrag begin het. (1)
- 8.8 **Nee**, ek het nog nie gehoor van 'n tablet wat geen virusse het nie. (1)
- 8.9 **Volgende jaar** sal skoolhandboeke by boekwinkels beskikbaar wees ($\frac{1}{2}$), want daar sal baie donker dae kom ($\frac{1}{2}$). (1)
- 8.10 **Gewone skoolhandboeke** moet dadelik deur leerders gekoop word om vir beurtkrag voorsiening te maak. (1)
- 8.11 **Die skool** laai vooraf inhoud om die leerders te help. (1)
- 8.12 **Al** het baie skole tablette vir die leerders gekoop, **kan hulle dit nie gebruik nie.** (1)

[12]**VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE****Spelling van woorde moet korrek wees.**

- 9.1 Suid-Afrika ($\frac{1}{2}$)
- 9.2 definitief/gewis/ongetwyfeld ($\frac{1}{2}$)
- 9.3 onderwyseresse ($\frac{1}{2}$)
- 9.4 daaglik ($\frac{1}{2}$)
- 9.5 moeilik ($\frac{1}{2}$)
- 9.6 vroeër ($\frac{1}{2}$)
- 9.7 potlode ($\frac{1}{2}$)
- 9.8 splinternuwe ($\frac{1}{2}$)
- 9.9 benodig ($\frac{1}{2}$)
- 9.10 respekteer ($\frac{1}{2}$)
- 9.11 met ander woorde ($\frac{1}{2}$)
- 9.12 oë ($\frac{1}{2}$)
- 9.13 onskuldig ($\frac{1}{2}$)
- 9.14 wat ($\frac{1}{2}$)
- 9.15 interessant ($\frac{1}{2}$)
- 9.16 hanteer ($\frac{1}{2}$)

[16 × $\frac{1}{2}$ = 8]

VRAAG 10**KOMMUNIKASIE**

- Elke vraag tel 2 punte.
- Ken 1 punt toe vir inhoud.
- Trek 'n ½ punt af vir elke taalfout: maksimum 1 punt word vir taal afgetrek by elke sin.
- Spelling word nie gepepalseer nie, behalwe as die spelling die betekenis verander.
- Trek 'n ½ punt af vir te kort of te lank.
- Indien inhoud heeltemal verkeerd is, kan 1 punt steeds vir taal toegeken word.
- Maak seker die kandidaat spreek die donkergedrukte woorde/emosies aan.
- Die onderstaande sinne is net voorbeeldantwoorde:

- 10.1 "Ek kan nie glo hierdie meisies dra so min klere by 'n skoolbyeenkoms nie! Kyk net al die gesoenery!" (2)
- 10.2 "Ag my skat, ek dink nie hulle dra té min klere nie. Jy moet jou nie so ontstel nie." (2)
- 10.3 "Pasop dat jou armpies nie breek nie! Kyk na daardie seun as jy spiere wil sien!" (2)
- 10.4 "Ek is beter as al die seuns langs die swembad gebou. Niemand gaan my klop nie." (2)
- 10.5 "Ek het so hard geoefen vir hierdie item. Geen ander meisie sal vinniger as ek swem nie." (2)
- [10]

30 punte

Totaal: 100 punte